**KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**POSBUS 60**
**PIKETBERG**
**7320**

# NOTULE VAN SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 10 SEPTEMBER 2015 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

## TEENWOORDIG

## RAADSLEDE

| | | |
|---|---|---|
| Rdh J Raats | [DA] | Speaker |
| Rdl E Manuel | [DA] | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdl Me S Crafford | [DA] | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh R Van Rooy | [COPE] | |
| Rdh A De Vries | [DA] | |
| Rdl C Snyders | [DA] | |
| Rdl A Maarman | [ANC] | |
| Rdl Me S Smit | [ANC] | |

## AMPTENARE

| | |
|---|---|
| Adv H Linde | Munisipale Bestuurder |
| Mnr M Crous | Direkteur Finansiële Dienste (wnd) |
| Me A Louw | Direkteur Korporatiewe Dienste (wnd) |
| Mnr H Kröhn | Direkteur Tegniese Dienste |
| Me A Van Sittert | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me J Frank | Interne Ouditeur |
| Mnr N Scheepers | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |

**AKSIE**

**RVN001/09/2015**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter reël dat die vergadering stille gebed doen veral ten opsigte van raadslede wat geliefdes aan die dood afgestaan het en die oorsese vlugtelinge.

***

**RVN002/09/2015**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Rdl J Botha (broer oorlede)
Rdl D Smith (dood in familie)
Rdl Me C Snyders
Rdl S Claassen
Mnr J Kotzee (siekte) – Me Louw neem waar
Mnr J Van Niekerk (mSCOA) – Mnr Crous neem waar

***

**RVN003/09/2015**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange met betrekking tot die items in die agenda, het nie.

Alle Amptenare teenwoordig verklaar individueel hul kollektiewe belange met betrekking tot punt 009 in die agenda.

***

**RVN004/09/2015**
**<u>BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN GEWONE RAADSVERGADERING</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN005/09/2015**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER</u>**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededelings, naamlik:

**A. <u>GOP-VERGADERINGS</u>**

- Hy bedank die Munisipale Bestuurder, Direkteure en die Bestuurder: Strategiese Dienste en haar span vir die goeie aanbieding tydens GOP-vergaderings en vir die goeie werk wat gedoen word asook die goeie aanbieding van die Direkteur Tegniese Dienste.
- Die Munisipale Bestuurder meld dat baie moeite gedoen is om die Tegniese Dienste aanbieding vir elke dorp op 'n hoë standaard te hou en dat die Burgemeester versoek het dat 'n tweede vergadering in Porterville gehou moet word, sodat die tegniese aanbieding vir die vyf jaar projekte wel vertoon word.

**B. <u>BESLISSENDE STEM VAN DIE SPEAKER</u>**

Dat die Raad kennis neem dat die beslissende stem van die Speaker nie geld by die goedkeuring van die 5-grondwetlike delegasies van die Raad nie.

**C. <u>VERGOEDING VIR REISTOELAES</u>**

1. Dat in konsultasie met die Munisipale Bestuurder die Beleid met betrekking tot Reistoelae/eise hersien word en moontlik aangepas word, soos die van die Unistad; en
2. Dat geen eise met betrekking tot reistoelaes vir Raadslede binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit onderteken word, alvorens punt 1 afgehandel is nie.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

Die Munisipale Bestuurder meld dat die begrotingsimplikasie in berekening gebring moet word met betrekking tot die moontlike wysiging aan die Beleid oor reistoelae binne Bergrivier Munisipale gebied.

**D. <u>FINANSIËLE HULP AAN KARATE SPORTSTER</u>**

Raadslid Smit lewer 'n pleidooi dat Bergrivier Munisipale Raadslede en amptenare 'n bydrae sal lewer om die seun te help om sy reiskoste te dra, sodat hy op die volgende vlak kan deelneem.

Die Munisipale Bestuurder en Burgemeester ondersteun in beginsel die versoek om hulpbehoewende kinders te probeer help, maar onderhewig aan toelaatbare wetgewing.

***

**RVN006/09/2015**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN007/09/2015**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN008/09/2015**
**<u>DRINGENDE SAKE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**9/1/2**

Geen

***

**RVN009/09/2015**
**FINALE SALARIS EN LOON KOLLEKTIEWE OOREENKOMS: 2015-2018**
**4/2/1/2**

Die Onderburgemeester lei die item in en gee 'n bondige oorsig daarvan vir oorweging en besluitneming. Sy lees die aanbeveling voor aan die vergadering.

Raadsheer De Vries lewer verder kommentaar met betrekking tot die bekommernis van die Burgemeesterskomitee en die finansiële volhoubaarheid van die Raad aangaande loononderhandelinge, soos gemeld by punt 4.

Hy noem dat ernstige pogings (op die langtermyn) aangewend moet word om in die toekoms gedifferensieerde salarisonderhandelinge op 'n wetenskaplike en geanaliseerde wyse te beding/bevorder.

***(Op versoek van Raadslid Maarman vir 'n koukusgeleentheid om 09:30 verlaat alle amptenare die vergadering, waarna die vergadering om 09:45 hervat word.)***

Na die koukusgeleentheid lig die Munisipale Bestuurder die Raad in dat die finansiële impak verminder word na ongeveer R1,8 miljoen nadat die HR-afdeling 'n herberekening gedoen het in terme van die verminderde behuisingsubsidies wat uitbetaal moet word en ook so bevestig is deur Provinsie. (70 amptenare het reeds staatshuise ontvang).

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

Hierna lees die Speaker die aanbeveling voor aan die Raad vir besluitneming.

Op navraag deur die Burgemeester verduidelik die Munisipale Bestuurder dat Bergrivier Munisipaliteit nie vir personeelbesparings begroot nie, maar dat die besparings jaarliks uit die personeelbegroting realiseer, en dit streng bestuur sal word om voldoende besparings te verseker.

**BESLUIT:**

1. Dat die drie jaar Kollektiewe Ooreenkoms (2015/2018) deur die Raad aanvaar word;
2. Dat die implementering van die verhoging terugwerkend geskied vanaf 1 Julie 2015, soos per ooreenkoms en so spoedig moontlik;
3. Dat die koste van die impak van die Kollektiewe Ooreenkoms van ongeveer R1.8 miljoen binne die huidige goedgekeurde begroting vir personeelkostes bestuur word uit besparings; en
4. Dat die Burgemeesterskomitee hul bekommernis uitspreek oor die finansiële volhoubaarheid van die impak van loononderhandelings in die toekoms. Dat hierdie situasie ernstig opgeneem word met SALGA Wes-Kaap se HR werksgroep en enige ander beskikbare platform.

***

**RVN010/09/2015**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING</u>**

Geen

***

**RVN011/09/2015**
**<u>NOTULES/VERSLAE VAN DIE WYKSKOMITEES VIR OORWEGING/KENNISNAME</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN012/09/2015**
**<u>IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Geen

***

**RVN013/09/2015**
**<u>IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD</u>**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 09:50***

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.***

________________________ __________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(SPEAKER)***

***